

God oordeel regverdig

Psalm 58 is een van die sogenaamde “vloekpsalms”, byvoorbeeld Psalm 58; 68:21-23; 109:5-19. *Vloekpsalms* is psalms waarin ’n vurige pleidooi vir Goddelike wraak teen vyande of die vervolgers van die regverdiges gelewer word. Die skrywer wil eintlik maar net hê dat God tussenbeide sal tree. Die basis daarvan is die vergeldingswette van “’n lewe vir ’n lewe, ’n oog vir ’n oog, ’n tand vir ’n tand” (Eks. 21:23-24; vgl. ook Lev. 24:20).

Hoe moet ons as Christene hierdie vloekpsalms vertolk? In die Ou Testament was vergelding in hierdie lewe nog die reël. Goddelike wraak teen hierdie agtergrond was ’n vervulling van die eis van geregtigheid. Deur sy kruisdood en opstanding het Christus egter kom voldoen aan die vergeldingswet en aan God se geregtigheid. Ons moet gevolglik sonder uitsondering bly liefhê – dit is die Nuwe-Testamentiese teenvoeter vir die vloekpsalms.

Wanneer ’n samelewing goed funksioneer, lyk dit of die handhawing van reg en geregtigheid deur die owerhede iets vanselfsprekends is. Daar word maklik aangeneem dat mense in verantwoordelike posisies verantwoordelik sal optree. Tog kan korrupsie ’n samelewing só in sy greep kry dat reg en geregtigheid in duie stort omdat die handhawers self korrup is. Dit kan ’n saak van lewe en dood word. Dit is die situasie waarin die psalmdigter verkeer. Daarom laat hy hierdie mense wat in magsposisies is, duidelik verstaan dat hulle ondergeskiktes van God is. Net soos die hemelwesens is hulle aan Hom verantwoording verskuldig (Jes. 24:21). Gevolglik spreek die psalmdigter hulle aan oor hulle onregverdige regspraak, korrupsie en geweld.

Dalk ervaar jy ook dat mense in magsposisies soms een ding sê, maar ’n ander ding doen. Terwyl hulle oënskynlik regverdig optree, getuig hulle eie lewe van die teendeel. Dit geld vir elkeen van ons. Ons kan mekaar in die naam van regverdigheid onregverdig beoordeel en seermaak, ja, geweld aandoen. Weerspreek my optrede teenoor ander mense my mooi woorde teenoor hulle?

Vergelding is ’n saak vir God en wraak pas nie by ’n gelowige nie. God gee uiteindelik oorwinning aan die regverdige ten spyte van so ’n pynlike ervaring. Daarom sal Hy self oordeel oor slegte en onregverdige optrede, terwyl Hy die regverdige uiteindelik vreugde sal laat ervaar. Die optrede en uiteinde van hierdie twee soorte mense staan dus lynreg teenoor mekaar. Omdat God regverdig oordeel, sal Hy die pad enduit saam met die regverdige loop. As jy saam met die Here leef deur reg teenoor ander op te tree, sal Hy jou vreugde gee. Hy beloon die regverdige.

God is regverdig en Hy sal toesien dat geregtigheid geskied. Die regverdiges weet dit die hele tyd terwyl die despote só te kere gaan – lees vers 11 tot 12. Dit het God ook op Golgota gewys. Selfs sy Seun is deur die korrupte leiers vals beskuldig en vervolgd en ter dood veroordeel. God was egter die hele tyd in beheer. Christus het uit die dood opgestaan en regeer hierdie korrupte wêreld deur sy opstandingskrag.

Psalm 58 hou nie die woorde terug teenoor die korrupte gespuis nie. Met ’n passie vir geregtigheid wil die psalmdigter keer dat ons gewoon raak aan korrupsie en die skandale van mense in leiersposisies. Jesus vra van jou as regverdige egter die gesindheid wat in Romeine 12:21 beskryf word: “Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”

Sing: Psalm. 47:1 (1936-beryming)

Ds Hentie Krüger (Lyttelton)